# VERSLAG BEJAARDESORG AAN DIE RINGSDIAKENSVERGADERING - 2008

## INLEIDING

Daar word baie verwys na die aspek dat alle persone ’n droom moet hê, by bejaardesorg het ons ook ’n droom. Ons droom is om elke bejaarde wat oor ons pad kom na die beste van ons vermoë te versorg, die volgende word hier spesifiek ingesluit:

- Fisiese versorging
- Psigiese versorging
- Geestelike versorging
- Sosiale aanpasbaarheid

Ten tweede wil ons altyd aan die beweeg wees om ons dienste te verbeter. Hierdie moet ’n proses wees wat nooit ophou nie.

## LEWERING VAN DIENSTE

Ons weet almal dat veranderde omstandighede ’n groot rol speel hierdie veranderings raak alle dienste direk en moet daar van tyd tot tyd aanpassings gemaak word.
Indien ons net een aspek vinnig uitlig soos beurt krag besef ons dadelik dat dit n impak op die tehuise en voorsiening van dienste aan inwoners maak.

## VOORSIENING VAN DIENSTE

In die meeste vorige verslae het ons genoem dat ons ‘n ouer wordende volk word en miskien alreeds is, dus word bejaarde persone al meer, en leef langer.
Ons het byvoorbeeld by een van die behuisingskomplekse waar daar 74 woonstelle is slegs een verandering vir die hele 2007 gehad. By die AMOT tehuis in Parys wat n gedeelte versorging van verswakte persone het, behuising en ook woonstelle het, was daar ’n beweging van slegs agt persone.

**Bogenoemde is die eerste aspek wat groot druk op die voorsiening van dienste plaas. Daar is soms eenvoudig net nie ’n beskikbare plek om aan ’n persoon in nood n plek te gee.**

## BEKOSTIGBAARHEID VAN DIENSTE

Meer as 66% van die bejaardes in ons tehuise ontvang slegs ‘n staatspensioen van R870.00 per maand .Daar word ook al hoe meer ondervind dat bejaardes met hierdie inkomste vlak hulle kinders wat werkloos is, finansieel moet ondersteun. Bejaardes is dus nie meer instaat om vir spesifiek volle versorging te betaal nie, en talle kinders is ook nie meer instaat om n finansiële bydrae ten opsigte van hulle ouers te maak nie.

**Dus word meer druk op die daarstel van bekostigbare dienste/versorging geplaas of die alternatief om fondse beskikbaar te kry om nog steeds hierdie dienste te bly lewer. Ons weet ook dat die staat nie die antwoord op hierdie probleem gaan wees of wil wees nie**

**In ons huidige versorging opset is daar 101bejaardes wat finansieel ondersteun word, die maandelikse uitgawe beloop ongeveer R 41 000.00**

## OMVANG VAN DIENSTE

Daar word tans 1 620 bejaardes gehuisves en versorg binne die versorgingseenhede en behuisingskomplekse van bejaardesorg.
Die totale aantal persone wat in die gemeenskap dienste ontvang is 450.
Hierdie dienste sluit die volgende in:

- Tuisversorging
- Kliniek dienste soos bloeddruk neem
- Voetversorging
- Ete voorsiening en aflewering
- Sosiale geleenthede

**Vervolgens die onderskeie tehuise en aantal persone wat versorg/gehuisves word:**

| | Behuising | Woonstelle | Versorging | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| AM0T | 47 | 28 | 22 | 97 |
| Emily Hobhouse | 119 | 47 | | 166 |
| Louis Trichardt | 82 | | | 82 |
| Piet Potgieter & woonstelle | 12 | 106 | 85 | 203 |
| Van Rensburg | | | 112 | 112 |
| Tafelberger | 9 | | | 9 |
| Machteld Postmus | 4 | 78 | | 82 |
| Ons Tuis & Annie Schiltz | 7 | 100 | 290 | 397 |
| Gerrieshof | | 12 | | 12 |
| Totaal | 280 | 371 | 509 | 1160 |

**<u>Opsommend lyk die prentjie soos volg:</u>**

**Versorging van verswakte persone = 509, waarvan 201 (39%)Persone Alzheimer siekte het. 42 persone is gestremd**

**Die oudste inwoner is 102 jaar oud; n verdere 2 persone is ook reeds oor 100 jaar. HIERDIE DRIE INWONERS KWALIFISER WAARLIK AS BEJAARDES!!!**

**Die jongste inwoner is 30 jaar oud.**

**Die omvang van hierdie dienste word weergegee in n totale uitgawe van al die tehuise wat amper R 30 miljoen per jaar beloop.**

**<u>VERBETERING VAN DIENSTE</u>**

Ons het ten die einde van 2007 begin met die ontwikkeling van n spesifieke program om ons standaarde te verbeter asook die meting van standaarde.

Daar word twee keer per jaar evaluering gedoen van elke afdeling in die tehuis en alle aspek rakende dienslewering word na gekyk.

**Bogenoemde sal die voordeel hê dat die standaarde van dienste nie net verbeter nie maar dat daar n stelsel in plek is, om te sorg dat hierdie kwaliteit van diens gehandhaaf word.**

## SLOT OPMERKINGS

Indien hierdie dienste voorgesit word soos tans beplan kan dit nie anders as om in vennootskap met die kerk voortgesit word nie.
Hierdie vennootskap is nie n normale verbintenis nie – daar is slegs sekere persone wat by hierdie vennootskap baat vind en dit is die kern van die saak.
Die persone wat hier baat vind het versorging nodig, hulp met soms elke tree wat hulle gee en party is al permanent bedlêend. Die taak van barmhartigheid kom hier tot uiting en dit sal jammer wees as hierdie dienste ooit gestaak of afgeskaaf word.

**U bydraes skenkings en hulp is vir ons hulpbehoewende inwoners is uiters noodsaaklik.**
**Bydrae kan direk aan die spesifieke tehuis geallokeer word of na bejaardesorg gekanaliseer word.**

Soos altyd is dit ‘n voorreg om aan al die gemeentes in die onderskeie ringe ‘n dankwoord te spreek vir bydraes en volgehoue ondersteuning ontvang.
Mag u seën ontvang op al u harde werk.

Bejaardesorg groete,
Johan van Huyssteen

Indien u enige inligting verlang, kontak my gerus by tel (012) 325 -1857 of e-pos by jnvh@bejaardesorg.org.